



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2015**

**MEMORANDUM**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. In **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR/FEIT/MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by ŉ **meerkeusevraag**.

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | (In) 2010 | 1 | 1 |
| 1.2 | Dit was die eerste keer dat ŉ Wêreldbekertoernooi in Afrika gehou is. | 1 | 1 |
| 1.3 | "tien"/10<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)* | 1 | 3 |
| 1.4 | • Dit is in die vorm van ŉ Afrika-kalbas.<br>• Dit lyk soos ŉ Afrika-kalbas.<br>• ŉ Afrika-kalbas.<br>(Enige EEN of soortgelyk)<br>*(Aanvaar nie net "kalbas" nie.)* | 1 | 3 |
| 1.5 | "sokkermal"<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)* | 1 | 2 |
| 1.6 | • C<br>• 1966<br>• C 1966<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.7 | • "ZA" in <u>Za</u>kumi dui op **Suid-Afrika** (wat in 2010 die toernooi aangebied het).✓<br>• "kumi" in Za<u>kumi</u> beteken "**tien**" in verskeie Afrika-tale. ✓ | 2 | 1 |
| 1.8 | • D<br>• Sintetiese leer<br>• D Sintetiese leer<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.9 | • Suid-Afrika se 11 amptelike landstale. ✓<br>• Die 11 spelers in die sokkerspan. ✓ | 2 | 1 |
| 1.10 | • Die wenspan sou bly wees en hulle oorwinning vier.<br>• Almal was bly omdat die toernooi Suid-Afrikaners saamgebind het.<br>• Almal was bly oor die geleentheid om sokker te gaan kyk.<br>• Almal was bly om hulle sokkerhelde te sien speel.<br>• Almal was bly omdat die toernooi in Suid-Afrika gehou is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 1.11 | • (Die sokkerstewels is gemaak) om sy voete teen beserings te beskerm. | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.12 | • Kangaroeleer is lig/ligter (as beesleer).<br>• Kangaroeleer is sterk/sterker (as beesleer).<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 1.13 | • Die Goue Stewel-prys<br>• ŉ Goue stewel<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 1.14 | • Die spelers kan mekaar op die veld uitken.<br>• Die skeidsregter kan die spanne onderskei.<br>• Dit gee die span ŉ eie identiteit.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 1.15 | Katoen | 1 | 3 |
| 1.16 | • B<br>• ... deel van hul leefwyse.<br>• B ... deel van hul leefwyse.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.17 | "kleurryke"<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)* | 1 | 2 |
| 1.18 | • A<br>• Om mense bymekaar te roep.<br>• A Om mense bymekaar te roep.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.19 | Onwaar *(verdien nie ŉ punt nie)*<br>*Die kandidaat kan geen punt vir die motivering verdien indien WAAR as antwoord gegee is nie.*<br>"Deesdae word vuvuzelas van plastiek **en selfs seebamboes** gemaak."<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)*<br>*(Kandidaat hoef nie die hele sin aan te haal nie.)* | 1 | 3 |
| 1.20 | • (Hulle sê) die geraas pla die spelers. ✓<br>• (Hulle sê) die geraas maak mense se ore seer. ✓ | 2 | 1 |
| 1.21 | JA:<br>• Vuvuzelas is deel van Suid-Afrika se sokkerkultuur.<br>• Sonder vuvuzelas sal sokkerwedstryde nie dieselfde wees nie.<br>• Sokkerondersteuners blaas op die vuvuzelas om hulle geesdrif/entoesiasme/blydskap uit te druk.<br>• Die geraas van die vuvuzelas skep atmosfeer by sokkerwedstryde.<br>(Of soortgelyk)<br><br>NEE:<br>• Nie alle ondersteuners hou van die geraas van die vuvuzelas nie.<br>• Party mense voel dat die geraas te erg is.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 4 |
| | **SUBTOTAAL: 24** | | |

## TEKS B: VISUELE TEKS

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.22 | (Die Universiteit van) Venda | 1 | 3 |
| 1.23 | • (Die Universiteit van) Johannesburg<br>• UJ<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.24 | Wes-Kaap | 1 | 3 |
| 1.25 | Kap: Dit is die kap wat jy dra wanneer jy ’n graad kry/kwalifiseer.<br>Sertifikaat: Jou graad sertifikaat (graad/diploma/kwalifikasie) word so opgerol wanneer jy dit kry.<br>(Of soortgelyk) | 1<br>1 | 4<br>4 |
| 1.26 | • Dit is makliker om grafieke te lees.<br>• Dit vat nie lank om grafieke te lees nie.<br>• ’n Mens sukkel nie met die betekenis van woorde nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| | **SUBTOTAAL: 6** | | |
| | **TOTAAL AFDELING A: 30** | | |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5<br>Vlak 4 | Waardering<br>Evaluering | 5 | 17% | 20% |
| Vlak 3 | Afleiding | 12 | 40% | 40% |
| Vlak 2<br>Vlak 1 | Letterlik<br>Herorganisasie | 13 | 43% | 40% |

## AFDELING B: OPSOMMING

### NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.**
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

### LET WEL:

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: ROBBENEILAND

[Verwerk uit: *Sien Suid-Afrika Visuele Feite]*

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | ŉ Eiland is ŉ stuk land wat aan alle kante deur water omring word. **Naby Kaapstad is ŉ klein eilandjie, Robbeneiland.** | Robbeneiland is (ŉ klein eilandjie) naby Kaapstad. |
| 2. | Deur die jare het mense verskillende name vir die eiland gegee. **Die naam, Robbeneiland, is vir die eiland gegee omdat daar baie robbe op die eiland is.** | Die eiland is Robbeneiland genoem omdat daar baie robbe op die eiland is. |
| 3. | Daar is nie net robbe op die eiland nie. **Daar is verskillende soorte voëls, soogdiere en reptiele op die eiland.** | Daar is baie soorte diere, voëls en reptiele op Robbeneiland. |
| 4. | Baie **lank terug was Robbeneiland ŉ plek waarheen melaatse mense gestuur is.** Melaatse mense kon nie tussen ander mense woon nie omdat die siekte aansteeklik was. | Robbeneiland is lank terug as ŉ plek vir melaatses gebruik. |
| 5. | **Tot nie te lank terug nie, was Robbeneiland ŉ tronk vir politieke gevangenes**. Wyle Nelson Mandela was 27 jaar lank ŉ gevangene in hierdie tronk. Die laaste politieke gevangenes het die eiland in Mei 1994 verlaat. | Robbeneiland was ook ŉ tronk vir politieke gevangenes.<br>OF<br>Nelson Mandela was in die tronk op Robbeneiland. |
| 6. | **Baie mense wat ons land besoek, wil graag Robbeneiland toe gaan.** Daar is twee bote wat toeriste van Kaapstad na die eiland vervoer. Toeriste kan dan die hele eiland besigtig**; ook die Robbeneilandmuseum wat op 1 Januarie 1997 geopen is**. | Toeriste besoek graag Robbeneiland.<br>OF<br>Die Robbeneilandmuseum is op 1 Januarie 1997 geopen. |
| 7. | **In 1999 is Robbeneiland tot ŉ wêrelderfenisgebied verklaar.** Almal moet saamwerk om hierdie eiland vir die nageslag te bewaar. | Robbeneiland is (in 1999) tot ŉ wêrelderfenisgebied verklaar. |
| | **GETAL WOORDE = 190 woorde<br>(± 200 woorde – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 60 woorde<br>(50–60/65 maksimum)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

| Barrett se Taksonomie | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5 | Waardering | 2 | 20% | 20% |
| Vlak 4 | Evaluering | | | |
| Vlak 3 | Afleiding | 4 | 40% | 40% |
| Vlak 2 | Letterlik | 4 | 40% | 40% |
| Vlak 1 | Herorganisasie | | | |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:

   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meerkeusevraag.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | • B<br>• Deelteken<br>• B Deelteken<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 3.2 | Het jy enige navrae oor die aflewering van jou koerant **?** | 1 | 2 |
| 3.3 | nuusblad | 1 | 3 |
| 3.4 | sleu–tel–woord | 1 | 3 |
| 3.5 | • Dis die naam van die koerant.<br>• Dis 'n eienaam.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 3.6 | • Sodat elke leser moet voel die advertensie is vir hom/haar bedoel.<br>• Om elke leser by die advertensie te betrek.<br>• Om elke leser spesiaal te laat voel.<br>• Om elke leser te oorreed om *Beeld* te koop.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 3.7 | • (Die naam van die adverteerder) is groter gedruk.<br>• (Die naam van die adverteerder) is dikker/vetter gedruk/in vetdruk.<br>• (Die naam van die adverteerder) is boaan gedruk.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 3.8 | weekliks | 1 | 1 |
| 3.9 | • Mense assosieer 'n bril met lees.<br>• Jy gebruik 'n bril om (die koerant) te lees.<br>• Die koerant is soms klein gedruk; daarom het jy 'n bril nodig om dit te lees.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 3.10 | • *Beeld* verskyn ses dae 'n week.<br>• Jy kry ses (goeie) koerante.<br>• *Beeld* is die beste koerant en jy kry ses daarvan.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| | **SUBTOTAAL: 10** | | |

## VRAAG 4: SPOTPRENT

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Die haarkapper werk elke dag hard in die haarsalon.<br>*(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)* | 1 | 3 |
| 4.2 | seuns | 1 | 2 |
| 4.3 | baadjiesak | 1 | 2 |
| 4.4 | skêrtjie | 1 | 1 |
| 4.5 | Simon sê dat die skêr baie groot en skerp **is**.<br>*(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)* | 1 | 3 |
| 4.6 | figuurlike (betekenis) | 1 | 3 |
| 4.7 | • D<br>• Simon is 'n dapper seun.<br>• D Simon is 'n dapper seun.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 4.8 | Waarmee sny die haarkapper Simon se hare? | 1 | 2 |
| 4.9 | Simon se hare word (deur die haarkapper) gesny.<br>*(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)* | 1 | 3 |
| 4.10 | • Die strepies wat om die skêr geteken is, lyk asof dit gevaarlik kan wees.<br>• Die skêr wat skerp punte het.<br>• Die haarkapper wat lyk asof hy nie konsentreer op wat hy doen nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| | **SUBTOTAAL: 10** | | |

## VRAAG 5.1: LEESSTUK

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | diep | 1 | 1 |
| 5.1.2 | **m**nr**.**<br>*(Die punt moet daar wees.)*<br>*(Moet kleinletter wees.)* | 1 | 2 |
| 5.1.3 | goeie | 1 | 1 |
| 5.1.4 | Ek pak my klere in 'n groot **sak.**<br>My hemp se **sak** is geskeur.<br>*(Enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is, bv. 'n houer of deel van jou klere.)* | 1 | 4 |
| 5.1.5 | Hiëna **vra** vir Aap om hom huis toe te dra. | 1 | 4 |
| 5.1.6 | op | 1 | 2 |
| 5.1.7 | doodbang | 1 | 4 |
| 5.1.8 | Die diere het **nie** baklei **nie.** | 1 | 3 |
| 5.1.9 | Haas het gevra wat aangaan; daarom **het** Aap vertel wat gebeur het.<br>*(Ignoreer leesteken, toets woordorde.)* | 1 | 2 |
| 5.1.10 | stories | 1 | 3 |
| 5.1.11 | Haas het vir Aap gesê **om** Hiëna terug **te** dra na die gat toe.<br>*(Aanvaar ook **"om** Hiëna terug **te** dra na die gat toe".)* | 1 | 3 |
| 5.1.12 | huis**ie** | 1 | 2 |
| 5.1.13 | snags | 1 | 3 |
| 5.1.14 | h**u**il | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL: 14** | | |

## VRAAG 5.2: PRENT

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | skottelgoed | 1 | 2 |
| 5.2.2 | Sies | 1 | 1 |
| 5.2.3 | hy | 1 | 1 |
| 5.2.4 | op | 1 | 3 |
| 5.2.5 | h**oë**r | 1 | 3 |
| 5.2.6 | • A<br>• manipulerende taal.<br>• A manipulerende taal.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| | **SUBTOTAAL: 6** | | |
| | **TOTAAL AFDELING C: 40** | | |

| **Bloom se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 6<br>Vlak 5 | Sintese<br>Evaluering | 8 | 20% | 20% |
| Vlak 4<br>Vlak 3 | Analise<br>Afleiding | 17 | 43% | 40% |
| Vlak 2<br>Vlak 1 | Begrip<br>Kennis | 15 | 38% | 40% |

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

## VRAAG 6

**VERHAAL A: *DIE OOREENKOMS* – Dalene Matthee**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.1 | (In) Rusoord | 1 | 1 |
| 6.2 | • Hulle het televisie gekyk.<br>• Hulle het vingerbord gespeel.<br>• Hulle het radio geluister.<br>• Hulle het in Jakob se motor rondgery.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.3 | • Jakob en Willem het skelmpies gedrink.<br>• Jakob en Willem het die kamerdeur gesluit wanneer hulle die whisky gedrink het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 6.4 | (Die) matrone | 1 | 1 |
| 6.5 | • Die ander inwoners kon hom nie troos nie.<br>• Hy wou nie eet nie.<br>• Hy wou nie ’n kamer met iemand anders deel nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.6 | ooreenkoms | 1 | 3 |
| 6.7.1 | • D<br>• … het gesê ’n ou vrou is ’n lawwe ding.<br>• D … het gesê ’n ou vrou is ’n lawwe ding.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.7.2 | • A<br>• … het nooit getrou nie.<br>• A … het nooit getrou nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.7.3 | • B<br>• … het vir die mans koekies en beskuit aangedra.<br>• B … het vir die mans koekies en beskuit aangedra.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.7.4 | • E<br>• … kon dalk vir almal vertel Jakob was bang vir spoke.<br>• E … kon dalk vir almal vertel het Jakob was bang vir spoke.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.8 | • A<br>• dood is.<br>• A dood is.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.9 | • Hulle het gewoonlik om halfses hulle whisky gedrink.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.10 | • Om vyfuur het Jakob die deur gesluit.<br>• Jakob het die bottel uit die wegsteekplek gehaal.<br>• Jakob het gesukkel om die bottel oop te kry.<br>• Om halfses het die bottel gewoonweg oopgedraai. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.11 | • C<br>'n man van jou woord moet wees.<br>• C 'n man van jou woord moet wees.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.12.1 | Ek voel ...<br>• jammer vir Jakob.<br>**OF**<br>• nie jammer vir Jakob nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| 6.12.2 | • Hy was baie hartseer oor die dood van sy vriend.<br>• Hy het sy vriend baie gemis.<br>• Na sy vriend se dood was hy alleen.<br>**OF**<br>• Daar was baie ander mense wat hom probeer troos het.<br>• Hy kon weer iemand by hom in die kamer gekry het.<br>(Enige EEN of soortgelyk)<br><br>**LET WEL**: Die antwoord in 6.12.1 en 6.12.2 moet by mekaar aansluit. | 1 | 5 |
| 6.13 | Die hele verhaal gaan oor die ooreenkoms tussen Willem en Jakob.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 4 |
| | | **[20]** | |

**VERHAAL B: *MY BROER SE KRAAI* – Chris Barnard**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.14 | • Die verteller se broer<br>• "My broer"/die broer<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.15 | • Sy een vlerk het seergekry.<br>• Hy was honger.<br>• Hy het koud gekry/was half verkluim.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.16 | • Hy het op en af (in die hok) gestap.<br>• Hy het die draad gepik.<br>• Hy het met sy vlerke teen die draad geklap.<br>• Hy het geluide gemaak.<br>• Hy het na mense gepik.<br>• Hy het geskop.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.17 | salf | 1 | 3 |
| 6.18 | • Die verteller het sy broer probeer oortuig dat dit vir die kraai beter sou wees as hy losgelaat word.<br>• Die verteller het geglo wilde diere en voëls moet in hulle natuurlike omgewing wees.<br>• Die verteller het gesê hy dink as die kraai self kon besluit, sou hy homself losgelaat het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 6.19 | • Hy het tussen die bome in gevlieg.<br>• Hy het bos toe gevlieg.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.20 | • Die kraai was ongelukkig in die hok.<br>• Die kraai wou nie in die hok bly nie.<br>• Die kraai het homself in die hok beseer.<br>• Die kraai het agteruitgegaan.<br>• Die kraai het nie meer so goed soos vroeër gelyk nie.<br>• Wilde voëls moet in hulle natuurlike omgewing wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.21 | • Die verteller se broer het die kraai losgelaat.<br>• Niemand het weer oor die kraai gepraat nie.<br>• Na drie dae het die kraai weer teruggekom.<br>• Die verteller het vir die kraai brood en vleis gegee om te eet. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.22.1 | • E<br>• ... het gesê dat as die papegaai kon besluit, sou hy homself loslaat.<br>• E … het gesê dat as die papegaai kon besluit, sou hy homself loslaat.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.22.2 | • D<br>• … wou nie ŉ papegaai hê nie.<br>• D … wou nie ŉ papegaai hê nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.22.3 | • B<br>• … het gesing op pad werk toe.<br>• B … het gesing op pad werk toe.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.22.4 | • C<br>• … het brood by die huis kom vra.<br>• C … het brood by die huis kom vra.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.23 | • A<br>• personifikasie.<br>• A personifikasie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.24 | Ek sou die voël...<br>• vir my gevat het.<br>• veearts/dierekliniek toe geneem het as ek kon.<br>• self gedokter het.<br>• geëet het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.25 | • Ek is lief vir my troeteldier.<br>• Ek sal alleen voel sonder my troeteldier.<br>• As hy weg is, sal ek nie weet of my dier versorg is nie.<br>• My troeteldier kan nie vir homself sorg nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 5 |
| 6.26 | • C<br>• vryheid van keuse.<br>• C vryheid van keuse.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | **[20]** | |

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VERHAAL A: *TANT NELIE SE VEERPLUIME* – Henriette Grové**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.1 | • (Tant) Nelie<br>• Ursula se tante/tannie<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 7.2 | (Die resep vir) veerpluime<br>(Of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.3 | • Kittie sou met Peet trou.<br>• Met hom trou<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.4 | ma | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.5 | • B<br>• ’n vergelyking.<br>• B ’n vergelyking.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.6 | • Hulle het die resep gaan steel.<br>• Hulle was sonder toestemming in tant Nelie se kamer.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.7 | • Ursula het die kis oopgesluit.<br>• Ursula het alles wat in die kis was, uitgepak.<br>• Ursula het die resepteboek onder in die kis gekry.<br>• Peet het die resep vir Kittie gegee. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 7.8 | • Peet het met Ursula getrou.<br>• Peet het besef dat hy nie meer met Kittie wou trou nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 7.9.1 | • C<br>• … was 'n stil mens.<br>• C … was 'n stil mens.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.9.2 | • E<br>• … het donker oë en pikswart hare gehad.<br>• E … het donker oë en pikswart hare gehad.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.9.3 | • B<br>• … het grys oë en blonde hare gehad.<br>• B … het grys oë en blonde hare gehad.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.9.4 | • A<br>• … is as koud en deftig beskryf.<br>• A … is as koud en deftig beskryf.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.10 | • D<br>• Moenie verkeerde dinge doen om ander se guns te wen nie.<br>• D Moenie verkeerde dinge doen om ander se guns te wen nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.11 | Ek sou ...<br>• hom gehelp het.<br>• hom nie gehelp het nie, (want ek was self verlief op hom).<br>• gesê het dat dit verkeerd is om te steel.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.12 | Die verhaal handel oor (die resep vir) tant Nelie se veerpluime. (Of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 7.13.1<br><br><br><br><br><br><br><br>7.13.2 | Ek voel ...<br>• jammer vir haar.<br>**OF**<br>• nie jammer vir haar nie.<br>**OF**<br>• teleurgesteld in haar.<br>(Enige EEN of soortgelyk)<br><br>• Peet het nie met haar getrou nie.<br>• Peet het met Ursula getrou.<br>**OF**<br>• Sy het mense misbruik.<br>• Sy het gekry wat sy verdien het.<br>**OF**<br>• Sy sou enigiets doen om te kan wen.<br>• Sy het Peet forseer om haar te help.<br>(Enige EEN of soortgelyk)<br><br>**LET WEL**: Die antwoorde in VRAAG 7.13.1 en 7.13.2 moet by mekaar aansluit. | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 | 5<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>5 |
| | | **[20]** | |

**VERHAAL B: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Chris Barnard**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.14 | • Hulle was aardse mense.<br>• Hulle was prakties/nugter/pligsgetrou/sonder fieterjasies.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.15 | • C<br>• jy nooit sal verander nie.<br>• C jy nooit sal verander nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.16 | • Hy het messe geslyp.<br>• Hy het deure geolie.<br>• Hy het stoele reggemaak.<br>• Hy het dakke reggemaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.17 | • Hy kon mooi stories vertel.<br>• Hy het stories vertel wat hy self uitgedink het.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.18 | Oom Apie was **kort** en **geset**.<br>*(Albei vir die een punt)* | 1 | 3 |
| 7.19 | • Oom Apie se jeugliefde.<br>• Die ryk boer se vrou.<br>• Die vrou by wie oom Apie altyd gaan kuier het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.20.1 | • C<br>• … het almal altyd laat lag.<br>• C … het almal altyd laat lag.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.20.2 | • D<br>• … het in die buitekamer geslaap.<br>• D … het in die buitekamer geslaap.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.20.3 | • A<br>• … wou veertig jaar tevore se fout regstel.<br>• A … wou veertig jaar tevore se fout regstel.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.20.4 | • E<br>• … was hardwerkend.<br>• E … was hardwerkend.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.21 | Pa en Ma | 1 | 3 |
| 7.22 | • D<br>• geld nie liefde kan koop nie.<br>• D geld nie liefde kan koop nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.23 | • Oom Apie was veertig jaar lank alleen.<br>• Nadat haar man gesterf het, wou die jeugliefde met oom Apie trou.<br>• Oom Apie het in sy slaap gesterf.<br>• Daar was baie mense by oom Apie se begrafnis. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 7.24 | Ek sou …<br>• net vir haar gesê het ek gaan nie met haar trou nie.<br>• by ŉ ander vrou begin kuier het.<br>• dadelik met haar getrou het.<br>(Enige EEN Of soortgelyk) | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.25 | • Hy het baie vriende gehad.<br>• Hy het geloop waar en wanneer hy wou.<br>• Sy jeugliefde het vir hom gesorg.<br>• Hy was vrolik en het van grappies gehou.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 7.26 | • Oom Apie is baie skielik dood.<br>• Hy was 'n geliefde familielid.<br>• Ek sou nooit weer sy stories hoor nie.<br>(Enige TWEE Of soortgelyk) | 2 | 5 |
| | | **[20]** | |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | % |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5 | Waardering | 4 | 20% | 20% |
| Vlak 4 | Evaluering | | | |
| Vlak 3 | Afleiding | 8 | 40% | 40% |
| Vlak 2 | Herorganisasie | 8 | 40% | 40% |
| Vlak 1 | Letterlik | | | |

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou